stadig groei verouder die stam redelik gou. Die blare verklein goed onder behandeling en dorings is nie groot nie. Terugsterwing van takkies is nie 'n probleem nie. Die boompies reageer redelik goed na snoei deurdat hulle vinnig weer uitloop. Die takkies is geneig om nie die vorm na bedrading te hou nie en moet soms weer bedraad word en bedrading moet dikwels langer aan die takkies gehou word. Die boompies het 'n lang leeftyd en sterf nie sommer nie.

A. erubescens Welw. ex Oliv. (Geelhaak)

Geelhaakboompies is normaalweg meerstammige struike of 'n kleinerige boom waarvan die stamme afgesterf het met 'n platterige verspreide kroon. Die boompies groei ietwat stadig - moontlik as gevolg van swak groeitoestande.

Die boompies kom normaalweg in die warm droër dele van die bosveld voor waar dit op klipperige dagsome of langs sanderige droë lopies groei. Die grond is normaalweg neutraal tot suur, vlak en swak gedreineerd.

Die bas op jonger groei is gelerig en skilfer af. Op ouer stamme is dit geelgrys flokkies wat maklik afskilfer. Die saamgestelde blaar vertoon fyn (ongeveer 3 x 3,5 mm) met baie fyn sekondêre blaartjies.

Geelhake word nog nie baie algemeen as bonsai-materiaal gebruik nie. Daar is tekens dat die terugsterf van takkies 'n probleem kan wees en dat nuwe takkies sukkel om te ontwikkel na snoei. Origens het die boompies alle goeie eienskappe om 'n goeie fyn bonsai te maak. Die in-

ternode afstand is kort, die haakdorings in pare is klein, blare is baie fyn en die stam vertoon gou oud, al groei die boompies redelik stadig.

A. nilotica (L) Willd. ex Del subspesie Kraussiana (Benth) Brenan (Reukpeul)

Ruikpeul (ook lekkerruikpeul of stinkpeul genoem) is eenstammige boompies van tot 5 meter hoog met 'n dig begroeide plat tot ronde kroon. Die boom is nie 'n vinnige groeier nie.

Bome kom op 'n wye reeks grondsoorte voor maar verkies laagliggende brakkerige grond, met 'n redelike hoë kleipersentasie. Hulle is redelik rypbestand.

Die bas op die hoofstam is grysswart tot swart, grof met afwaartse splete. Die saamgestelde blaar vertoon fyn. Die dorings is reguit, vertoon fynerig en kom in pare voor.

Ruikpeule word nog nie algemeen as bonsai-materiaal gebruik nie. Die boom het egter baie potensiaal. Die blare vertoon fyn en word nie groot nie, dorings is ook fyn in voorkoms, die stam verouder mooi en internodes is naby mekaar. Die boompies reageer ook goed op snoei deurdat dit maklik weer uitloop en terugsterwing is nie 'n wesenlike probleem nie. Die boompies groei net 'n bietjie stadig en moet verkieslik eers in n groot houer geplant word om goeie stamverdikking te verkry.

A. grandicornuta Gerstn (Brakdoring)

Brakdoringbome is eenstammige meduimgrootte bome met 'n ronderige verspreide kroon. Die bome groei stadig in die